



Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 26 Oktober 1949 Prys 3d. No. 49

FUNKSIE AFGESTEL

Die funksie wat vir 7 November in Bloemfontein belê was ter ere van die K.G. en mev. Van Rensburg, is afgestel omdat dit onmoontlik geword het vir die K.G., wat daardie tyd na Kaapstad moet gaan, om teenwoordig te wees.

Duurder Brandstof

Die prys van petrol is van hierdie week af met 2d. per gelling verhoog. Benewens petrol het ook kragparaffien, gedistilleerde olie, dieselbrandstof en stookolie 'n prysverhoging van 1d. per gelling ondergaan. Verhogings in die prys van lampolie en smeerolie sal later bekend gemaak word.

Galg Wag Nog Vir Elke Vryheidstryder

Te midde van die feesvreugde is dit 'n skokkende feit om te weet dat die skaduwee van 'n galg vandag nog op elke Afrikaner val wat wil probeer om die vryheidsvlag te hys en die dinge wat ons ontnem is te herstel, en dat daar vier jaar gelede nog Afrikaners onder hierdie galg gestaan het onder dieselfde koningskap waarteen die Voortrekkers meer as honderd jaar gelede in opstand gekom het, skryf genl. J. A. Smith.

Genl. Smith skryf:

Dit is 'n skokkende feit vir wie die betekenis wil begryp: Ons hoor die geklap van perdehoeve voortsnelend met „boodskappe” na 'n Monument. Daar is byeenkomste, feesvierings en vreugde. Maar alles word vir my oorskadu deur hierdie volgende feit: Hy wat die vryheidsvlag durf hys om te herstel wat ons ontnem is, pleeg hoogverraad! Hy is 'n rebel kragtens wet. Ook sy nek sal aan 'n balk soos die van Slagtersnek gebreek word.

Hy wat enige daad pleeg, bereken om die koning se gesag te betwis of te verwerp, pleeg hoogverraad. Want hy probeer bereik waarvoor manne reeds jare voor die Voortrek probeer het, waarvoor offers gebring is in die Voortrek, na die Voortrek, op Amajuba, by Spioenkop in die wrede konsentrasiekampe, met die „rebellie”, in die verset teen die Smuts-Stalin-Churchill-verbond. Daarvoor was daar tot hierdie oomblik nog net een vergelding, een straf.

SELFDE TOESTAND

Die Afrikaner staan nog in dieselfde voetspore. Koning oor hom is George VI, agterkleinseun van Victoria van Engeland wie se troepemagte verwoesting ongeëwenaard in daardie eeu in Suid-Afrika aangerig het. Die Afrikaner, hierdie „rapportryers” van vandag se pad loop nog aanhou onder dieselfde galg deur. En almal wat daardie galg, so vasseplant vir die handhawing van Engelse koningsgesag uit Suid-Afrika wil verwyder, het al deur dieselfde ervaring gehad. Sedert die vroegste tyd het tronkeure oopgestaan, skavotte opgerig klaargestaan, vandag nog, vir diegene wat die geskonde onreg probeer herstel. Nog onlangs was konsentrasiekampe daar vir Afrikaners op Koffiefontein en Graspan. Wat in die Tweede Vryheidsoorlog met vryheidhunkerende Afrikaners onder gesag van Koningin Victoria gebeur het, het in 1940-45 met hul nasaat onder Koning George VI weer gebeur. Dit maak geen verskil wie of van watter party of ras die Minister van Justisie is nie. Net soos in 1914 sal kanon en Leemeffordkoeëls De Wets, Beyerse, Fouries bestryk as hulle 'n eie vlag wil hys. Vir hulle wat dit probeer doen is daar net sterker toue en nuwer balke as dié van Slagtersnek. Daarom kan die balk nog nie as 'n ou historiese voorwerp vertoon word nie! Hy bly die sinnebeeld van die septe wat oor Afrikanerhoof geswaai word.

SKADUWEE

Onder al hierdie omstandighede hoewel ons bly is dat daar Voortrekkerdade was vir offers in die stryd om vryheid, val die skaduwee swart en donker oor die pad na die Monument, want vir elkeen van ons wat 'n vryheidspoging doen, wag die tou en die balk nog as instrument van 'n koningsgesag. Die brandmerk staan daar nog.

„Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue
Gebrand op ons volk, en die wond is te na,
Te na aan ons hart en te diep in ons lewe—”
Ons wag op die wekroep van die vryheidslag, die nuwe Amajuba!

AFRIKAANS BY MONUMENT

Volgens 'n verklaring van die sekretaris van die inwydingskomitee, mnr. M. C. Botha, is dit die wens van die komitee dat alle toesprake by die inwyding van die Voortrekkermonument in Afrikaans moet wees. Toe die voorsitter, dr. E. G. Jansen, genl. Smuts hieromtrent ingelig het, het hy gesê dat hy die wens van die komitee in gedagte sal hou.

Die program sal in Engels sowel as Afrikaans gedruk word.

PROTES TEEN PARTYSTELSEL 32 JAAR GELEDE

„Ons reken self dat dit goed is as die publiek ernstig wil bedink of die tyd nie haas aangebreek het nie dat ons moet breek met die partystelsel.” Hierdie woorde, so bekend uit die mond van die Ossewabrandwag, is afkomstig uit die mondstuk van die destydse Suid-Afrikaanse Party, Die Volkstem, meer as dertig jaar gelede, en is geskryf na aanleiding van 'n hele reeks korrespondensie oor die vervanging van die beproefde Boerestelsel deur die ingevoerde Britse parlementêre stelsel. Reeds toe het Afrikaners gewaarsku teen „die vloek van die partystelsel.”

In Die Volkstem van 5 Junie 1917 skryf mnr. S. P. Jansen van Vuuren van Groenvlei, Belfast, as volg (die spelling en styl, wat nog onder Hollandse invloed was, is deur ons verbeter):

„Die onenigheid onder ons volk is te wyte aan die partystelsel, ten minste dit word deur die stelsel in die hand gewerk en erger gemaak as wat dit werklik is. In Die Volkstem van 18 Mei stem u met my saam maar u sien op teen die sorg en moeite wat dit moet te weegbring om ons land en nasie te verlos van die ongelukkige gevolge van ons ongelukkige regeringstelsel. Ek glo nie dat u waarlik ernstig oor die saak nagedink het nie. Die Grondwet, sê u, sal so verander moet word, en wat nie al meer nie. Maar meneer die redakteur, wat is die danige moeite en sorg in vergelyking met die heil en welvaart van ons nasie? Wat is dit in vergelyking met die samewerking van toekomstige geslagte wat steeds verder en verder uitmekaar gedryf word deur 'n stelsel van landsregering wat volgens my nederige beskouing eenmaal nie vir ons Afrikaners gemaak is nie? Is ons grondwet dan 'n wet van

Mede en Perse dat ons moet terugdeins om dit te verander waar ons so duidelik sien dat die tuig skaaf? Ons het daardie tuig tog self gemaak, sal ons dan nie deur die nageslag veroordeel word as behêp met 'n baie eenvoudige verstand wanneer ons stilsit en sien hoe dit ons verniel?

EIE BOERESTELSEL

„Wat makeer ons eie boerestelsel wat ons voorouers ontwikkel het en wat ons geskiedenis aanwys as die regte regeringsvorm vir ons land? Waarom moet ons dan teen die lewensbelang van ons nasie en teen die welvaart van die land 'n vreemde partystelsel aan die lewe hou, terwyl ons in die verlede ons eie regeringstelsel klaar ontwikkel het? Is dit nie 'n geval waar ons meer eerbied mag hê vir die tradisie van ons vaders nie? My stem mag klink soos een wat roep in die woestyn, maar ek verseker u dat daar duisende en duisende is by wie die mening sterker word dat daar iets radikaal verander is met die manier waarop ons ons land regeer. En ons verlang van Die Volkstem voorligting in plaas van om my met 'n paar reëltjies vol besware onder die briewebus stil te maak.

VERBROKKELING

„Laat die publiek nadink oor die saak. Dit is wat ons verlang. Ons het in 1907 hoofsaaklik met twee partye begin: Het Volk en die Progressiewe; vandag het ons vier terwyl nie een van die partye 'n volstrekte meerderheid in die volksraad het nie en die landsregering moontlik is net wanneer twee of meer partye saamwerk wat tog lynreg teenoor mekaar staan in die politiek.

„Daar is dus ook al 'n groot praktiese beswaar teen die stelsel en wie sal ons verseker dat 'n algemene verkiesing daarin 'n verandering sal bring? En

vir ons as Afrikaners is die treurigste van alles dat ons eie party verbokkel is in twee groepe wat mekaar gedurig dwars in die weg staan, en dat die hele party-gedoente dit meebring dat ons moet dwarsstrek en rusie maak, en die jong mense aan weerskante leer en oplei dat dit nou eintlik die manier is waarop mens die land regeer.

„Laat ons terugkeer na die stelsel wat ons voorouers ontwikkel het — 'n regering sonder partye en laat ons die juk, ja die vloek van die party van ons afwerp voordat dit heeltelmal te laat is.”

OOK GENL. BOTHA

In 'n voetnoot skryf die blad: „Sedert die ontvangs van ons geagte korrespondent se eerste brief is die saak waaroor hy skryf ook reeds van ander kante te aangeroei; en soos hy sal gesien het, het Die Volkstem ook 'n opinie daaroor uitgespreek wat vrywel dieselfde gedagtegang volg as mnr. Jansen. En — wat van meer belang is — op die 29e van verlede maand het niemand anders as genl. Botha in die Volksraad verklaar dat daar „veel te sê is in belang van 'n regering sonder partye”. Solank ons 'n partyregering het, sê genl. Botha, sal die sittings lank duur, spr. meen dat daar veel te sê is in belang van 'n regering sonder partye, en hy sou heeltelmal bereid wees, as die tyd daarvoor aangebreek het, om die saak te bespreek. Naamlik die instelling van 'n regering sonder partye.

OOK ENGELSE PROFESSOR

„Daarna is die saak ook hier en daar deur die Engelse pers bespreek en ons het met ingenomendheid gesien hoe selfs 'n Engelse geleerde soos prof. Goddard te Stellenbosch verklaar het dat „verlossing van al die onheile waarmee ons openbare lewe beswaar is, gesoek moet

word in die afskaffing van politieke partye en die verkiesing van 'n parlement van onafhanklike politici.” Buitendien het Die Volkstem ook in 'n breedvoerige historiese oorsig aangetoon hoe die Engelse stelsel van partyregering ontwikkel is en hoe die stelsel nie gereken kan word as geskik te wees vir ons land en sy behoeftes nie. Misken sal ons geagte korrespondent derhalwe — nou dat hy dit reeds weet as getroue leser van ons blad — eens kan wees en dat ons eintlik nie sy verwyrt verdien nie.

MOET BREEK

„Die saak wat hy daar aangeroei het raak 'n toestand wat ons persoonlik ook lankal gevoel het. En ons reken self dat dit goed is as die publiek ernstig wil bedink of die tyd nie haas aangebreek het dat ons moet breek met die partystelsel. Ons hier in Transvaal het die sisteem nog maar 'na die instelling van verantwoordelike bestuur in 1907; maar wat ons hiervan beleef het in die tien jaar is reeds voldoende om ons die oortuiging te gee dat hoe onvolprese die partystelsel elders mag wees, dit nie deug vir ons land en ons toestande nie. Sels in Engeland beantwoord die stelsel so min aan sy doel dat ons daar 'n verwisseling aanskou het van 'n Liberale tot 'n Konserwatiewe regering sonder verkiesing. As dit kan gebeur onder die sogenaamde partystelsel, dan is mens geregtig om te sê dat toe die stelsel aan sy hoogste vuurproef onderwerp is, hy nie aan sy doel beantwoord het nie.

OPGESKORT IN KRISIS

„Die voorstanders van die stelsel antwoord daarop dat mens dit nie onder 'n oorlogstoestand kan beoordeel nie; of dat die aanpassingsvermoë van hul stelsel by die algemene landsbelang juis onder die buitengewone landsomstandighede aan die lig gekom het, naamlik deur die omwenteling sonder verkiesing! Maar dan word tog tewens erken dat, waar dit in hoogste instansie so „bruikbaar” blyk, dit nie meer in die regte sin van die woord 'n partystelsel is nie! Dergelyke toestande in die vreemde kan ons nog koud laat; dis die belang van

(vervolg op bls. 6 kol. 1)

Drie Weke Al Sonder Regering

Frankryk gaan hierdie week sy derde week sonder regering tegemoet. Dit is vandag twintig dae gelede dat die kabinetskrisis ingetree het en geen politikus wat genader is kan nog daarin slaag om 'n nuwe kabinet saam te stel nie.

Intussen het genl. De Gaulle, leier van die Franse Volksbeweging, sy stem weer laat hoor ten gunste van 'n sterk regering. Hy het ook gesê dat die vervolging van mense wat met die Duitsers saamgewerk het, beëindig moet word. „Die tyd het aangebreek dat die Franse volk die hoofstuk van gestrengheid in sy geskiedenisboek moet afsluit en 'n nuwe van toegewendheid moet open”, het hy gesê.

Maatskappyvergadering

HET ZUID AFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVZERZEKERING-GENOOTSCHAP

104e Algemene Jaarvergadering

**Nuwe Besigheid Vir Drie Jaar
£112,000,000**

Verhoging Van Bonus-Koers

Besparing Deur Middel Van Lewensversekering

Planne Vir Toekomstige Uitbreiding

Die 104e algemene jaarvergadering van Het Zuid-Afrikaanse Onderlinge Levensversekerings-Genootskap is op Maandag, 24 Oktober 1949, om 2 nm. gehou.

Die voorsitter van die Direksie het as volg gepraat: Dames en Here,

Ek sal die hoofbestuurder versoek om die kennisgewing te lees wat die vergadering byeenroep. Die vereiste kworum is aanwesig en ek verklaar die vergadering as behoorlik saamgestel.

Die verslag en rekenstate is aan die lede gesirkuleer. Indien u daarmee saamstem, sal ons die formaliteit om hulle te lees nie nakom nie.

U Direkteure is nogmaals in die gelukkige posisie om in staat te wees 'n uiters bevredigende balansstaat voor te lê. Die besigheid wat gedurende die jaar aangegaan is, slaan 'n rekord, net soos dié van die vorige jaar.

NUWE BESIGHEID EN BESTUUR

Die nuwe besigheid wat verkry is, oorskry £45,000,000 in versekerde bedrae. Vir die drie jaar geëindig 30 Junie 1949 was die werklike bedrag aan nuwe besigheid verkry £112,604,722, wat byna £54,000,000 meer is as dié vir die drie jaar geëindig op 30 Junie 1946, wat gelykstaan aan 'n vermeerdering van 92.1 persent. Ek is oortuig dat u by die oorweging van hierdie besielende syfers u saam met my waardering sal betuig vir die pogings van die personeel in die afgelope jaar. Niks kan meer getuie wees van hul getroue en heeltartige samewerking nie as die gelukkige resultaat van die jaar se arbeid soos geopenbaar in die verslag voor u. Ons erken graag die aandeel van elke lid van die personeel, vanaf die junior klerke tot die hoofbestuurder en hoofuitvoerende beamptes in die bereiking van 'n resultaat wat verdere roem verworf vir die reputasie van die Genootskap. Ek hoef nouliks te sê dat hierdie resultate nie verkry kon word sonder die waardevolle bystand van die Direkteure op die verskillende plaaslike direksies en die uitmuntende dienste van ons bekwaame en ywerige veldpersoneel nie.

EISE

Dit spyt ons om die verlies van 1,511 lede weens die dood gedurende die jaar te moet aanmeld. Hierdie lede het 2,199 polisse gehou. Dit is belangwekkend om te meld dat van die polisse wat gedurende die jaar eise geword het, die bedrag wat in 293 gevalle betaal moes word, meer as dubbel die oorspronklike versekerde bedrag was, terwyl in 15 van hierdie gevalle die oorspronklike versekerde bedrag meer as verdriedubbel was.

UITGAWES

Nieteenstaande die hoeveelheid nuwe besigheid wat aangegaan is en ten spyte van die stygende koste van administrasie, was die verhouding van uitgawe teenoor premie-inkomste 20.6 persent en toon dus ge-

ringe verskil met dié van die vorige jaar.

PREMIE-INKOMSTE

Verdere aansienlike vermeerderings in die premie-inkomste word aangetoon, soos blyk uit die volgende syfers:

Premie-inkomste	Vermeerdering bo vorige jaar
1947 £5,397,946	12.6%
1948 £6,228,817	15.4%
1949 £7,217,432	15.9%

OORGAWES

Met die oog op stygende ekonomiese moeilikhede, gepaard met die groot hoeveelheid nuwe besigheid wat aangegaan is, kon 'n vermeerdering in die aantal oorgawes wel verwag word. Dit is egter verblydend om te sien dat dit nie tot 'n aansienlike peil gestyg het nie en dat die versekerde bedrae onder polisse wat oorgegee is gedurende die afgelope jaar ongeveer 2 persent van die totale bedrae wat aan die begin van die jaar geldig was, verteenwoordig.

FONDSE

Die balansstaat toon dat ons totale bate, met inbegrip van dié van die pensioen- en ander interne fondse £63,000,000 oorskry het. By oorweging van hierdie syfer moet ag gegee word op die feit dat die markwaarde van ons effektebeurssekuriteite op 30 Junie nog hoër was as hul boekwaarde en dat ons vaste eiendomme verskyn teen pryse wat laer is as die munisipale waardasie. Ons fondse vir die drie jaar het gestyg met meer as £12,000,000 wat gelyk is aan 24.8 persent bo die fondse op 30 Junie 1946.

BELEGGINGS

Gedurende die jaar is beleggings gedoen ter waarde van £16,000,000. Van hierdie bedrag was £3,800,000 „nuwe geld” — die balans verteenwoordig die herbelegging van terugbetalings.

RENTEKOERS

Die netto-rentekoers verdien op die Genootskap se Lewensversekeringsfondse het gestyg met 1s. 3d. tot £4 3s. 6d. persent. Die waarde van verbandbeleggings het gedurende die jaar van £18½ miljoen tot £25 miljoen vermeerder. Om hierdie vermeerdering te bewerkstellig is Unie-regering- en munisipale effekte ter waarde van £4,000,000 verkoop. Op 30 Junie 1949 was die Genootskap se totale beleggings as volg saamgestel:

Effektebeurssekuriteite	40.44 pst.
Verbande en verband obligasies	42.33 pst.
Lenings aan stads- en afdelingsrade en ander openbare liggame	9.87 pst.
Skuldbriewe	1.47 pst.
Polissenings	5.86 pst.
Diverse	.03 pst.

ODITEURSFOOIE

U sal verstaan dat die aanhoudende uitbreiding van die Genootskap se besigheid die werk van die ouditeurs groot-

liks vermeerder het. Ten einde hulle vir hierdie bykomende werk te vergoed beveel u Direksie aan dat hul fooie met £400 per jaar elk verhoog word.

WAARDASIE-GRONDSLAG

Ek moet u aandag vestig op 'n verandering van die waardasie-grondslag wat gebruik is om u Genootskap se verpligtinge onder sy lopende polisse te bereken.

Die hoof funksie van 'n waardasie-grondslag is:

(a) Om voldoende reserwes te handhaaf om kontraktuele verpligtinge na te kom en

(b) te verseker dat die bonuskoers wat werklik van jaar tot jaar verdien is, elke jaar openbaar word, en nie deur die waardasie-grondslag self versteur word nie.

Daar is inderdaad twee hoofmetodes van waardasie in lewensversekering, t.w.: die Netto-premium en die Bonus-reserwe-metodes. By die berekening van u Genootskap se verpligtinge elke jaar is in die verlede gebruik gemaak van die Netto-premium-metode. Onder normale omstandighede is die Netto-premium-metode heeltemal geskik, daar dit 'n surplus openbaar wat voldoende is om 'n bestendige bonuskoers te verklaar. In huidige omstandighede egter, hoofsaaklik as gevolg van die groot hoeveelheid nuwe besigheid wat verkry is, het die Netto-premium-metode die neiging om oneweredig te werk. Dit is omdat in die vroeëre jare van 'n polis se bestaan 'n groter reserwe as wat nodig is ten opsigte daarvan bewerkstellig word, terwyl in die polis se latere bestaan die netto-premium te laag is. U sal dus verstaan dat my die volledige toepassing van die Netto-premium-metode op ons groot hoeveelheid nuwe besigheid, waardeur reserwes veroorsaak word wat hoër is as wat nodig is, die uitwerking is om die surplus te verminder en gevolglik die bonus-verklaring nadelig te beïnvloed.

Ten einde te verseker dat lede hul volle voordeel ontvang op bonusse wat van jaar tot jaar verdien word, het die Direkteure die aktuaris se aanbeveling aanvaar dat die waardasie-grondslag verander moet word na die Bonusreserwe-metode.

In die Bonusreserwe-metode van waardasie word meer regstreeks gereken met die jongste voorspellings by die berekening van die Genootskap se verpligtinge ten opsigte van elke polis, dit is

(1) Verwagte toekomstige rentekoers.

(2) Sterfte en onkoste.

(3) Oneweredige val van onkoste ten opsigte van elke polis, en

(4) Bonuskoers wat waarskynlik verdien sal word.

Deur middel hiervan word 'n suiwer waardasie geplaas op elke polis ongeag sy duurte, en word die moontlikheid dat die bonus-verklaring geraak kan word deur die hoeveelheid nuwe besigheid wat verkry is, uitgesluit.

Ten efnde te verseker dat daar geen verswakking van die Genootskap se geldelike vermoë sal wees ten gevolge van die verandering van die waardasiegrondslag nie, het die Direkteure besluit dat die reserwes wat vrygestel word weens die verandering, wat net oor £2,000,000 beloop, nie toegelaat sal word om onder surplus te val nie, maar gevoeg moet word by die bonus-gelykstellings-reserwe.

Dit verheug my derhalwe om te kan sê dat as gevolg van hierdie stap die Genootskap nou in 'n beter posisie is om die bonusse te verklaar wat hy werklik verdien en dat dit bereik is sonder om sy groot geldelike vermoë te verswak.

BONUS

Die aktuaris het egter nou sy waardasie voltooi, en soos lede reeds in die pers sou gesien het, is 'n saamgestelde bonus van £6 7s. 6d. persent vir die drie jaar geëindig op 30 Junie 1949 verklaar ten opsigte van alle deelhebbende polisse wat op

daardie datum van krag was (dit wil sê £2 7s. 6d. persent per jaar, driejaarlik saamgestel).

Die winsdelende polisse wat deel in die hoër skaal van bonuskoerse weens die feit dat hul premie-koers op die hoër skaal bly wat tydens die oorlog ingevoer is, sal egter teen die volgende hoër bonuskoers bevoordeel word:

(a) £7 2s. 6d. persent op gewone winsdelende polisse (dit is £2 7s. 6d. persent per jaar driejaarlik saamgestel).

(b) £6 13s. 6d. op die ooreenstemmende winsdelende polisse vir pensioen-skemas (dit is £2 4s. 6d. persent per jaar, driejaarlik saamgestel).

Winsdelende polisse wat gedurende die volgende driejaartydperk eise word, sal tussen tydse bonusse ontvang teen dieselfde koers wat nou verklaar word.

Ek is oortuig dat lede baie dankbaar sal wees dat die Genootskap se bonus aansienlik bo die koers van £6 persent wat die vorige keer verklaar is, gestyg het. Hierdie verhoogde bonuskoers is verklaar ten spyte van die oordrag van £301,790 na die Personeel-pensioen- en Weduweefonds gedurende die drie jaar en die oordrag van £209,735 na die Beleggingsreserwe-fonds, wat tans op £750,000 staan. Benewens dit het die Genootskap se surplus wat ontoegewys oorgedra is met £48,680 tot £422,898 vermeerder.

Hierdie syfers is 'n sprekende getuigenis van u Genootskap se gesonde beleid en van sy finansiële stabiliteit.

DIE GENOOTSCHAP SE GEBOE

In uitvoering van die Genootskap se beleid om sy eie geboue in die vernaamste dorpe van die Unie te besit, het ons vanjaar ons nuwe gebou in Kimberley voltooi, wat ons oortuig is in elke opsig geskik is vir ons Genootskap en waardig is vir sy reputasie. Verder is ons tans besig om 'n nuwe gebou in Queenstown op te rig, terwyl ons oorweeg om dieselfde te doen in die snel uitbreidende dorp Vereeniging en ons gebou in die Paarl te vervang. Met betrekking tot die Vrystaatse goudvelde het u Direksie persele in die vernaamste sentrums verkry en ons oorweeg om in die nabye toekoms geskikte geboue daar op te rig. Die vinnige groei van u Genootskap, veral sedert die einde van die oorlog, en die gevolglike vermeerdering van personeel het 'n vraagstuk geskep in verband met die akkommodasie van die hoofkantoor. Sedert ons in Januarie 1940 ons nuwe gebou in Darlingstraat betrek het, het die hoofkantoorpersoneel van 350 tot 800 vermeerder. As gevolg hiervan is werktoustande nie heeltemal bevredigend nie, aangesien daar 'n sekere mate van oorbevolking veroorsaak is wat dit nodig gemaak het dat departemente opgedeel en op verskillende verdiepings gehuisves moet word. Dit alles het toesig baie moeilik gemaak en het die personeel en die bestuur in die uitoefening van hul taak belemmer.

Die bestuur en personeel wat nodig is vir die publiek om sy besigheid in Kaapstad te verrig, sal soos tans bly, maar u Direkteure is oortuig dat die grootste deel van die hoofkantoorpersoneel nie in Kaapstad gehuisves hoef te word om behoorlik te kan werk nie. Verder, indien die hele hoofkantoorpersoneel in die huidige gebou moet bly, sal voorsiening gemaak moet word vir toekomstige uitbreiding, en die aankoop van geskikte akkommodasie sal 'n koste beloop wat nie geregtig kan word nie. Derhalwe is besluit om 'n geskikte voorstedelike gebied te verkry waarop 'n dubbelverdieping-kantoorblok opgerig sal word wat tussen twee en drie akkers sal beslaan en met 'n fondament wat voorsiening maak vir 'n verdere twee verdiepings indien dit nodig word. 'n Gebou van hierdie aard wat 'n groot gelyk stuk grond dek, sal die werk van u bestuur en personeel grootliks vergemaklik, voorsiening maak vir die geslaagde hantering van toenemende be-

sigheid en vir die invoering van 'n groter mate van gemeganiseerde kantoor-uitrusting, waardeur tyd en arbeid bespaar kan word en die algemene rasionalisering van metodes om ons kantoorwerk te verrig, teweegbring. Hierdie stap sal meebring dat 'n groot deel van die huidige hoofkantoorgebou verhuur sal kan word.

DIE GENOOTSCHAP SE REGS-PERSOONLIKHEIDSAKTE

Soos aangedui in die kennisgewing wat hierdie vergadering byengeroep het wat aan alle lede gesirkuleer is, moet ons 'n wysiging van die Genootskap se regs-persoonlikheidsakte bespreek, en ek wil u aandag in besonder bepaal by die item onder Spesiale Besigheid in die kennisgewing wat die doel en oogmerke van die wetsontwerp uiteensit.

TOEKOMSTIGE VOORUITSIGTE

Nou dat ek die Genootskap se vooruitgang gedurende die afgelope jaar behandel het, sal ek graag wil oorgaan tot die wyere terrein en sommige van die aspekte van die Genootskap se ekonomiese en geldelike vraagstukke oorweeg. As direkteur van een van die land se vooraanstaande finansiële instellings en sekerlik een van die sterkste en mees bekendes, hou u Direksie 'n wakende oog oor ekonomiese neigings. Ons is 'n landswye inrigting wie se lede afkomstig is uit alle vertakings van die lewe, en so-doende is ons gemoed met die algemene welvaart van die land as 'n geheel.

Gedurende die afgelope 18 maande of so is die publiek met geweld in aanraking gebring met die werklikheid van ons land se betalingsbalans-posisie en sy gevolge op die volk se ekonomie. Die gebeurtenisse wat geleidelik tot die skielike publieke bewustheid van die krisis is elders volledig bespreek, en u is ongetwyfeld bekend met die verskillende stappe wat deur die owerheid getref is om die toestand die hoof te bied. Die belangrike punt wat ek egter hier wil beklemtoon is dat hierdie nadelige neiging in die Unie se buitelandse handel vir geruime tyd aan ontwikkel was, hoewel dit bedek was deur die rekord-oordrag van oorsese kapitaal veral in die jare 1946 en 1947. Hierdie instroming van kapitaal het meegedien om die hoeveelheid geld wat in die Unie in omloop was aan te vul met die gevolglike inflasie-druk wat ons land se ekonomie verdraai het. Soos u weet het hierdie instroming vroeg in 1948 feitlik tot 'n stilstand gekom en 'n ernstige tekort aan kapitaal het nou in Suid-Afrika ontstaan, sodat ons tans hoofsaaklik op ons eie bronne moet staat maak vir ons kapitaalbehoefte. Wat ons in Suid-Afrika moet besef is dat dit noodsaaklik is om 'n kleiner deel van ons nasionale inkomte te verbruik ten einde ons kapitale toerusting te vergroot. Ons sal sonder weelde-artikels of selfs halwe weelde-artikels wat sommige van ons as noodsaaklikheid begin beskou het, moet klaarkom, maar ons sal uiteindeklik die voordeel daarvan trek wanneer ons produksie as gevolg van ons opgehoopde kapitale toerusting sal vermeerder. Maar ons moet verder gaan. Ons moet elke middel aanwend om ons produktiwiteit te verhoog en gevolglik ons nasionale inkomte. Dit kan hoofsaaklik verkry word deur verbetering van die doeltreffendheid van ons bestuur, deur gebruikmaking van nuwe tegnieke en die uitruiing van idees; verbetering van die doeltreffendheid van arbeid deur opleidingskemas en dergelike metodes; die volle benutting van ons arbeidsbronne; en beplande, wetenskaplike ontginning van ons stoflike bronne. In dit alles sal die onlangs ingestelde Nasionale Ontwikkelingsfonds van die grootste nut blyk te wees.

Die onlangse devaluasie van sterling en ander betaalmiddele met ingebrip van ons eie, het in geen opsig die noodsaaklikheid

verwyder dat ons ons produktiwiteit en doeltreffendheid moet verhoog nie. Devaluasie is maar net as 'n alternatief aanvaar om binnelandse koste en pryse te verlaag, en sy welslae hang daarvan af of 'n styging van pryse voorkom kan word. Indien koste en pryse tot 'n merkbare mate styg, sal die voordele verkry deur 'n verhoogde goudprys verdwyn en sal ons 'n waardevolle geleentheid laat glip het om ons ekonomie in orde te bring. Devaluasie kan nooit 'n plaasvervanger wees vir groter doeltreffendheid nie en dit kan slegs deur middel van groter inspanning vir ons moontlik wees om die voordele te oes van die devaluasie van betaalmiddele en die kapitaal te verkry wat nodig is vir ons ontwikkeling.

DIE ROL VAN LEWENSVERSEKERING IN BESPARING

Dit bring my tot die punt dat onder huidige toestande die rol van lewensversekering in die land se ekonomie selfs belangriker word as ooit te vore. Dit word op verskillende maniere geopenbaar. In die eerste plaas is lewensversekering een van die beste maniere waarop die enkeling kan spaar, nie net alleen weens die element van vrywillige dwang ten opsigte van die gereelde betaling van premies nie, maar ook omdat hy weet dat indien hy te sterf kom voordat sy spaargeld die bedrag bereik het waarvoor hy beplan het, dit wil sê die versekerde bedrag, daardie bedrag nietemin beskikbaar raak by sy dood. Verder is die kanalisering van hierdie spaargeld ook vir die land as geheel voordelig omdat 'n groter inrigting sekerlik beter in staat is om die groot bedrae te belê wat saamgestel is uit die kleinere bedrae wat by wyse van premies ontvang is.

Maar nog meer belangrik as die spaar-element in die persoonlike versekeringspolis is die noodsaaklikheid vir lewensversekeringskantore om groot reserwe teenoor hul verpligtinge as geheel te handhaaf. Die groot fondse wat deur lewensversekeringsmaatskappye gehou word, verteenwoordig die bedrag wat die maatskappye beskikbaar moet hê om te kan voldoen aan toekomstige eise. Op hierdie wyse het u Genootskap opgehoopde fondse ter waarde van meer as 60 miljoen pond wat belê is in sake wat die land se stoflike welvaart aansienlik gehelp het — deur lenings aan die regering en stadsrade en ander openbare liggame, met inbegrip van kerke, en in verbandenings wat diensende lede en ander in staat gestel het om hul eie huise, plase en besighede en nywerheidspersonele te bekom.

RENTEKOERS

Oorweging van die vraagstuk om die voorraad kapitaal te vermeerder lei my as van self na die vraagstuk van rentekoers. In die afgelope twee jaar het die regering en verskillende stadsrade lenings uitgereik vir openbare onderskrywing, maar hierdie uitreikings was nie heeltemal geslaagd nie. Volgens my mening is die oorsaak van hierdie teleurstellende reaksie van beleggers dit, dat onder die destydse toestand die terme van die uitreikings onaantreklik was. Verder het beleggers gemeen dat die markrentekoers dalk hoër as die rentekoers kan word wat met die nuwe uitgifte aangebied is en dat hulle gevolglik in waarde sou verminder. Die verloop van sake het hierdie oorweging inderdaad as juis bevestig.

'n Verhoging van die rentekoers is 'n belangrike aspek wat in gedagte gehou moet word by die hantering van die toestand waarin die Unie homself tans bevind. Ek het reeds verwys na die noodsaaklikheid om die voorraad kapitaal te vermeerder, en in hierdie verband is dit voor die handliggend dat spaargeld aangemoedig sal word deur 'n hoër rentekoers. 'n Hoër prys vir kapitaal sal ook meehelp om sy gebruik te beperk tot produktiewe prosesse wat meer dringend noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die land, en om onnodige spandering te ontmoedig.

Dit is ook voor die handliggend dat indien ons kapitaal van oorsese beleggers wil trek, ons opbrengste sal moet aanbied wat hoër is as dergelike sekuriteite in hul eie lande. In

hierdie verband is die onlangse verhoging van rentekoerse op die Londense mark betekenisvol.

Die pogings van die tesourie om die peil van rentekoerse te beheer, ongeag die magte wat op die mark inwerk, het 'n strenge houvas op die lenings van stadsrade en ander plaaslike liggame sowel ten opsigte van hul openbare as hul private lenings. In sommige gevalle is die leen van geld vir dringende kapitale werke vertraag deur dat gewag moes word op toestemming tot die rentekoers wat deur die lener gevra is, terwyl in ander gevalle lenings deur die mat geval het omdat die tesourie nie sy toestemming tot die terme wou gee nie.

BELANGRIKHEID VAN RENTEKOERS IN LEWENSVERSEKERING

Afgesien van die uitwerking op die kapitale posisie soos ek dit geskets het, is die peil van rentekoers van die grootste belang vir lewensversekeringsmaatskappye. Ek het reeds die metode beskryf waarvolgens die Genootskap se fondse in verskillende sekuriteite belê word, waarvan die rente 'n groot deel van ons inkomste vorm. Die belangrike punt om in ag te neem is dat by die berekening van die premies wat deur polishouers betaal moet word, word rekening gehou met die feit dat 'n inkomste verkry word op die bates, dit wil sê die voordeel van die rente-inkomste word oorgeplaas op die lede.

Die groot uitwerking hiervan blyk uit die feit dat die premie wat betaal moet word, byvoorbeeld deur 'n man van 30 jaar vir 'n hele lewenspolis van £100, sonder voordele, ongeveer £2 15s. sal wees indien geen rente op die belegging verdien word nie. Indien aangeneem word dat 'n gemiddelde rente van 3 persent per jaar verdien sal word op die beleggings oor die hele tydperk van die polis, sal die premie in die nabyheid van £1 5s. wees, en oor die algemeen gesproke, hoe hoër die gemiddelde rentekoers waarmee rekening gehou kan word, hoe laer sal die premie wees. Die belangrikheid van rente-element in die berekening van die premie is dus duidelik.

Wanneer premies bereken word, word noukeurige skattings gemaak van die toekomstige neiging van die rentekoers deur die Lewensversekeringsaktuaris — skattings wat miskien so lank as 100 jaar vooruit moet wees. Die belangrikheid om 'n deurgaans opbrengs uit die fondse as geheel te verkry wat minstens gelyk is aan dié wat by die berekening van premies aanvaar is, moet voortdurend in gedagte gehou word, hoewel by enige individuele belegging die mate van kapitaal sekuriteit en inkomste die hoofoorweging is. By die skatting van toekomstige rentekoerse, moet die aktuaris in gedagte hou dat die aanvaarde koers een sal wees wat gereedlik verwag kan word op die gemiddelde wat gehandhaaf moet word. Rente wat bokant die beraamde koers verdien word verteenwoordig 'n wins vir die Genootskap en is gewoonlik beskikbaar vir verdeling onder die polishouers in die vorm van bonusse. Hoër rente-verdienste is inderdaad dikwels een van die belangrikste surplus-bronne in 'n lewensversekeringsmaatskappy.

Van wat ek gesê het, sal dit blyk dat die lede van die Genootskap regstreeks geraak word deur die rentekoers wat op hul beleggings verdien word in die premies wat hulle betaal en in die bonusse wat hulle ontvang. Nou, dit is nie die beleid van u Direkteur om mee te help om rentekoerse omhoog te dryf na 'n peil wat die ekonomie van die land sal benadeel nie, tog voel hulle dat ons polishouers geregtig is op 'n billike en regverdige opbrengs uit hul beleggings. Waar hulle 'n groot nasionale instelling verteenwoordig, besef u Direkteur dat indien 'n ernstige noodtoestand in die land sou ontstaan, dit hul vaderlandsliewende plig is om in die lig van hul verpligtinge teenoor lede die regering te ondersteun sover as wat die Genootskap se geldelike vermoë dit toelaat.

BELEGGINGSBEPALINGS VAN DIE VERSEKERINGSWET

Die vraagstuk van die opbrengs uit rente op ons fondse

Nuwe Orde Van Vry Vra En Vry Gee In Brittanje

Nadat skerp kritiek in die Britse parlement uitgeoefen is, is 'n praktyk wat na niks minder as amptelike bakhand-houery lyk nie, tans in Brittanje stop gesit. Aan die begin van Augustus is op alle briewe wat na die buiteland gaan, die woorde „BRITTANJE SÊ DANKIE VIR VOEDSELGESKENKE” gestempel.

Hierdie amptelike bedelveldtog het sommige Britte laat bloos, veral omdat die stempel ook geplaas is op briewe wat na Duitsland en Italië gaan. In die parlement is dit genoem „vernederend”, „onwaardig”, „walg-

lik” en „'n sielkundige flater”.

Dit is nie duidelik of hierdie vlag van vrymoedigheid die gevolg is van 'n mentaliteit wat in die afgelope jare in Brittanje ontwikkel het weens die gewoonte om op Amerikaanse liefdadigheid in plaas van eie inspanning staat te maak nie — in aansluiting by die reeds vroeër gewoonte om te steun op die „sterke regterhande en lojale harte” van die kolonies — dan wel of dit spontaan voortvloei uit die nuwe sosialistiese goeie hart van Brittanje wat in die jongste tyd ook vryelik uitdeel na buite. Die O.B. het reeds voorheen berig van die eienaardigheid in verband met

Brittanje se gesondheidsdienste wat ook oopgestel is vir besoekers uit ander lande. Sedertdien is ook in die pers berig van twee Suid-Afrikaners wat op besoek in Engeland was en toe besluit het om vir hulle elk 'n stel kunstande gratis te kry. Omdat hulle besoekers was het hulle voorkeur bo die Britse belastingbetalers gekry wat moes toustaan!

„Die Engelse is mal dees dae,” was die kommentaar wat hierdie mededeling in die Suid-Afrikaanse pers vergesel het. Miskien moet diselfde kommentaar ook maar geld vir die vriendelike uitnodiging om voedselgeskenke.

Rooi Belhamels In V.S.A. Gevonniss

Elf vooraanstaande leiers van die Kommunistiese Party in Amerika is verlede Vrydag gevonniss nadat hulle skuldig bevind is aan sameswering met die oog op die gewelddadige omverwerping van die regering. Die vonnisse wissel van drie tot vyf jaar met 'n boete van 10,000 dollar elk.

Onmiddellik nadat die regter hulle skuldig bevind het, het hy hul advokate van een tot ses maande tronkstraf gevonniss weens onbehoorlike gedrag tydens die verhoor. Soos voorheen in DIE O.B. berig, het dit soms so woens in die hof toegegaan dat amptenare in naburige kantore die regter te hulp moes snel.


Waarnemers meen dat die beslissing van die hof die begin van 'n stryd om verbanning van die Kommunistiese Party sal wees. Indien die vonnisse deur die hooggeregshof gehandhaaf word, sal die party 'n onwettige organisasie word. Dat dit hom nie veel sal help om ondergronds te gaan nie, het reeds geblyk uit getuienis tydens die verhoor. 'n Paar lede van die Amerikaanse veiligheidsdiens het tot groot ontugtering van die beskuldigdes getuig hoe hulle opgeneem was as lede van die party — soms in baie hoë posisies. Die aanklaer het dan

ook die versekering gegee dat as die party ondergronds gaan, die veiligheidsdiens saam met hom daarheen sal gaan.

Ongewenste Immigrant

Die regering het 'n Britse immigrant, Larrett Battersby, wat onlangs na die Unie gekom het met die doel om 'n veldtog vir Hitlerverering op tou te sit, tot 'n ongewenste immigrant verklaar. Die betrokke immigrant, wat tans weer in Engeland is, het Hitler as 'n heilige vereer en hy wou vir hom 'n monument in die vorm van 'n propaganda-instituut in die Unie oprig. Van Engelse en Joodse kant is sterk verhoë tot die regering gerig om hom die land te belet.

SM 4029



Rook
SPRINGBOK
Medium

DIE GELUKKIGE KEUSE

VERTROUEN IN DIE TOEKOMS

In die moeilike en verontrustende tye wat ons land nou saam met die res van die wêreld deurmaak, skyn dit of ons ongetwyfelde sonnige toekoms soms onsigbaar is, maar ek moet u meedeel dat u Direksie nie die toekoms van ons land met bedruktheid tegemoet sien nie. Ons is 'n jong en vooruitstrewende volk en beskik oor onberekenbare waardes in wesenlike rykdomme van 'n land wat die voorwerp van die ondernemingsgees en bekwaamheid van sy volk is. Indien hierdie noodsaaklike hoedanighede vir die ontwikkeling van die land kragdadiglik aangewend en in die regte rigting gelei word, is daar geen denkbare beperkings aan die vooruitgang wat ons kan maak nie. Tydelike moeilikhede mag ons laat afwyk in ons voorwaartse mars, maar dit kan en moet oorkom word sodat ons bestemming as 'n tevrede en bloeiende volk wat deur die hele wêreld hooggeag word, voor ons ontvou kan word. Dit is in die najaging van hierdie doel dat u Genootskap 'n opbouende en wesenlike aandeel kan neem.

Ten slotte wens ek my waardering uit te spreek vir die getroue en deeglike diens wat my kollegas in die Direksie van die Hoofkantoor gelewer het. Hul bereidwillige medewerking het my taak as voorsitter aanmerklik verlig.

Dames en here, dit verheug my nou om voor te stel dat die 104e jaarverslag van die Direksie vir die jaar geëindig 30 Junie 1949 met sy meegaande geldelike staat, ontvang, goedgekeur en aangeneem word.

DIE O.B., WOENSDAG, 26 OKTOBER 1949

Verwyder Die Bron

Oral in die land gaan die geroep op om groter eenheid — tot so 'n mate dat sommige selfs pleit vir die begrawing van sekere feite in die geskiedenis wat dalk in die pad van „nasionale eenheid” kan staan. Ook Die O.B. is 'n voorstander van groter eenheid — dit waarborg sy ontstaan in 1938 — maar voordat ons bereid is om 'n heldeverlede te vergeet, verkies ons om die wortel van die verdeeldheid aan te pak. En nou is dit 'n feit dat die bron van verdeeldheid nie gesoek moet word in die een of ander gebeurtenis in die geskiedenis wat „gevoelens kan seermaak” nie, ook nie in die een of ander volksfees van die Afrikanerdom nie. Ons kan ons hele geskiedenis begrawe en daarmee al ons volksfeeste met 10 Oktober inkluis, en die dag na so 'n begrafnis sal daar nog 'n „opposisie” wees wat soos 'n brullende leeu sal soek om die regering te verslind, en sal ons volksraadsittings nog jaar na jaar geopen word met „mosies van wantroue”. Want die volk sal nog in twee of meer kampe verdeel staan, elkeen met sy eie pers en sy eie organisateurs wat betaal word om wantroue en misnoeë teen die ander op te wek — georganiseerde volksverdeeldheid.

Want die bron van ons verdeeldheid, en daarmee ook van al die onnodige bitterheid, is die Britse parlementêre stelsel wat volksgenoot teen volksgenoot opswep oor dinge waaromtrent by nadere ontleding geen of weinig verskil van mening bestaan.

BELAGLIK

Laat ons vir 'n oomblik die belaglikheid van eenheidspleidooie deur voorstanders van die parlementêre stelsel aan die lig stel. Die pers van die regering maak groot ophof oor die onverantwoordelike en skadelike uitlatings en optrede van die „Leier van die Opposisie” — en dat genl. Smuts se optrede inderdaad skadelik is gee ons toe — maar intussen beklee genl. Smuts die AMPTELIKE betrekking van „opposisie-leier,” dit wil sê teenstander van die regering, wat uit hoofde van sy amp alles moet veroordeel en teenstaan wat die regering doen of beoog!

Dit kom ons voor dat dit baie meer onverantwoordelik is om 'n man aan te wys as „opposisie-leier” en hom £2,000 per jaar te betaal vir sy taak om die regering in alles teen te staan, as om daardie betaalde taak met buitengewone ywer uit te voer. Of wat sal 'n mens sê van 'n bokser wat vir hom 'n slaanbal aanskaaf en dan by die publiek gaan kla as die ding hom hard in die gesig tref? Dit is mos die bedoeling dat die ding moet terugslaan!

Of die leier van 'n „opposisie” — ongeag watter party-leier se beurt dit is om die amp te beklee — sy werk met nougesetheid doen of sy plig verwaarloos, dit is onverantwoordelik van enige stelsel om formeel voorsiening te maak vir 'n besoldigde oppositieskap wanneer selfs binne die hegte eenheid — die huwelik — teenstand gratis en ongevraagd verkry kan word.

Dit verg geen betoog om te bewys dat die partystelsel in 'n land soos Suid-Afrika met sy twee bevolkingsgroepe sy lyne tussen hierdie twee groepe trek nie. Elkeen kan dit sien. Hoe mense daarom kan hoop om deur die uitkakeling van „verdelende” faktore van die verre verlede eenheid tussen die twee groepe te bewerkstellig onderwyl hulle die grootste verdelende faktor van die HEDE bly handhaaf, gaan ons verstand te bowe. Dit is soos 'n akkedis wat skrik vir sy eie stert onderwyl die kat met hom speel.

DIE BRON

Nee, dit is nie die enkele volksfees of 'n jaarlikse saluut aan die baie Afrikanerhelde van die verlede wat die twee bevolkingsgroepe van mekaar weg hou nie — dit is die nimmerindigende haatopswepery en wantroue-saaiery van 'n horde betaalde politici wat op staatskoste die land deurkruis om elkeen sy handvol munt te slaan uit die sentiment wat in die boesem setel van die twee bevolkingsdele wat mekaar in die verlede weerstaan het.

As Afrikaner en Engelsman ooit tot nasionale eenheid moet groei in ons land — en niemand begeer dit sterker as die Ossewabrandwag met sy begrip vir die waarde van volkse-eenheid nie — dan is 'n voorvereiste daarvoor die afskaffing van die parlementêre stelsel. En dit is nie 'n „ideologie” waarop die Ossewabrandwag die kopiereg besit nie. Uit 'n berig in hierdie blad blyk hoe selfs 'n „Sap-blad” met sy lesers dertig jaar gelede al geywer het vir hierdie saak, en hoe ook Engelssprekendes voorstanders van die gedagte was.

As ons iets wil bereik op Monumentkoppie die end van die jaar — iets wat die Voortrekkers se nagedagtenis werklik waardig sal wees — dan sal dit wees om in plaas van 'n neutrale staatsformaliteit — of ter aanvulling daarvan as dit dan nie anders kan nie — gebruik te maak van die volksverteenvoordigende byeenkoms om 'n eie staatsstelsel — die partylose staatsstelsel van die Voortrekkers — daar te aanvaar vir Suid-Afrika. Dit sal 'n lewende monument wees wat 'n praktiese hydrae sal lewer tot die so sterk begeerde „nasionale eenheid” wat in die huidige omstandighede vir 'n paar dae by Pretoria geveins sal word, maar vier weke later in die parlement weer in al sy gebrokenheid openbaar sal word wanneer die jaarlikse „gebruiklike mosie van wantroue” van die „Opposisie” die georganiseerde twis vir die nuwe jaar sal inlui.

WAT ONS NIE MET VRYHEID BEDOEL

J. H. R., Heidelberg, skryf:—

Gedurende die afgelope weke, tydens die Krugerdag-vierings asook tydens die onthaal van die Oudstryders, is daar baie gepraat van, en geskryf oor en gesmous met die woorde „Vryheid en Republiek”. In die eersvolgende weke, tot met die onthulling van die Monument, sal hierdie woorde in toenemende mate gebruik of misbruik word.

Vir ons as Brandwagte is hierdie woorde oneindig meer as loshangende en sentimenteel-mooiklinkende frases waarmee die gevoelens opgewek moet word ter bevordering van die prestige van een of ander party, of met die oog op 'n volgende algemene verkiesing. Dit het intendeel 'n deel van onself geword — ons onvoorwaardelike ideaal waarvoor ons gestry het en nog sal stry met alle middels tot ons beskikking — hetsy konstitusioneel of te nie! En as ons dus praat van 'n republiek dan bedoel ons 'n soewerein — geheel onafhanklike republiek en beslis nie 'n regeringsvorm wat die naam republiek dra en dan gekoppel is aan sogenaemde „Suster-State” nie. (Een seksie van hierdie „Susters” is terloops nie-blank en die ander seksie het ons met alle middels tot hulle beskikking probeer uitwis!) En as ons praat van vryheid dan bedoel ons beslis ook nie dieselfde soort vryheid as wat Veldm. Smuts bv. daarmee bedoel nie!

Waar dr. Malan dus op 'n Krugerfees gepraat het van 'n republiek wil ons beslis beweer dat ons nie belang stel in daardie soort republiek wat hy ons voorhou sedert sy onlangse terugkeer uit Londen nie, — al beskou Adv. Strydom „die republiek binne die Statebond” as 'n „eerste stap” en al sou die woorde „Voor-as-nog” ook in dr. Malan se verklaring voorgekom het soos Prof. Fanus du Toit dit dan graag sou wou sien!

En waar Min. Havenga as Oudstryder op 'n Oudstryders-funksie beweer dat ons so vry is soos enige land in die wêreld, daar wil ons in alle beleefdheid van hom verskil, want ons mag wel die reg hê om vry te word, maar dit alleen maak ons nog nie vry nie. En in hierdie verband het die Jeugleier onlangs die H.N.P. se republikeinse strewe as volg opgesom:— „As ons kan dan wil ons nie, en as ons nie kan nie, wel, dan kan ons nie.”

Moet Volkslied Sing Ná Fees

„Ricordo Macaria”, Stellenbosch, skryf:—

Ons lees vandag byna niks anders as berigte oor feesvierings in die koerante nie. Daar is baie wat mens laat trots voel, maar ook besluite van Staatsweë wat mens se bloed laat kook, byvoorbeeld die besluit dat geen vlag gehys en geen volkslied gesing mag word nie. Is ons nog nie genoeg getrap en beleedig nie? Gaan die Afrikaners meedoen met die uitvoering van die amptelike program? Dit sal uiters jammer wees as daar onaangenaamhede moet plaasvind, maar dit is seker dat daar nie met takt opgetree word nie.

Ons vlag en ons volkslied is ons weer ontnemend juis daar waar enige nasie sou geveg het om dit kon hê. Gaan ons maar lê om getrap te word? Nee, en nogmaals nee. Maar ten einde orde en vrede te bewaar, wil ek die volgende plan aan die hand doen: Die rotsvaste Afrikaners trek op in hul duiende met hul toegerolde vlae

kore en orkeste. Hulle is daar net om te kyk en te luister na wat verrig word volgens die Regeringsprogram, maar nie om deel te neem nie. Die amptelike program moet uitgevoer word sonder stoornis, maar sodra dit afgehandel is, dan kom die Afrikaners aan die beurt. Hulle vlêe word ontvou, en met die wapperende vlêe sing die Afrikaners hul volkslied — al vier verse. Daarna gaan hulle van die feesviering weg. Op die manier kry die regering sy sin, sonder dat die Afrikaners aan die klug-onthulling deelneem. Daar moet geen toesprake deur Afrikaners gehou word nie; alles moet deur die massa uitgevoer word, en later wanneer ons die geleentheid het, sal ons 'n egte Afrikaanse feesviering hou in die gees van ons vaders. (Brief verkort)

Eenparige Besluit

„Oom Gandhi”, Kaapstad, skryf:

In verband met die konferensie en eetmaal van die Bond van Oud-Geïnterneerders en Politieke Gevangenes, op 1 Oktober te Pretoria gehou, waarheen ek spesiaal van Kaapstad gereis het, wens ek net 'n belangrike eenparige besluit wat ons ou „tronkvoëls en doringdraadsitters” op die konferensie geneem het, onder u lesers se aandag te bring. Dit lui:—

„Die Bond verwelkom die pogings van die Voortrekkermonumentkomitee om ook Engelssprekende landsburgers die geleentheid te gee om hulde

Soos Ons Lesers Dit Sien

aan die nagedagtenis van die Voortrekkers te bring, mits die strenge nasionale gees van die plegtigheid gehandhaaf word. Die bond keur egter die uitnodiging aan Veldm. Smuts, om as een van die feesredenaars op te tree, ten sterkste af, omdat sy teenwoordigheid, in daardie hoedanigheid, by so 'n grootse geleentheid, ontstigend sou wees.”

Ek het persoonlik by die geleentheid toe die mosie bespreek is, aan die hand gedoen, dat ons soort republikeine van die inwydingsfees moet wegbly, en dat ons dan later, as die onnatuurlikheid op 'n end is, op ons eie manier sal gaan hulde bring aan die eerbare nagedagtenis van ons Voortrekkerstamgenote. Sou Majuba-dag in Februarie 1950 nie juis die geskikste datum wees nie?

Protes Teen

Kommunistiese

Vergaderings

Protes teen die hou van Kommunistiese vergaderings is verlede week deur die kongres van S.A. Landbou-Unie in Kaapstad uitgespreek in 'n besluit waarin die regering versoek word om onverwyld stappe te doen teen hierdie toedrag van sake.

Lede het gesê dat as toegelaat word dat Kommunisme 'n vat op die nie-blanke kry, die toestand hande uit sal ruk.

Weste Mis „Vendusie” Van Duitsland Weens Kabinetskrisis

Die Russiese maneuer om 'n Duitse „republiek” in Oos-Duitsland tot stand te bring, en wat deur die Duitse volk met die grootste ontsteltenis ontvang is, het saamgeval met die twaalfde kabinetskrisis in Frankryk sedert sy bevryding. Vir meer as twee weke was Frankryk sonder regering sodat die Westerse moondhede geen daadwerklike stappe kon doen teen die Russiese set nie — wat genoem word „die begin van die opveiling van Duitsland.” Hulle moes eers sit en wag dat Frankryk weer 'n regering kry. Daar is byvoorbeeld die kwessie van die inlywing van Wes-Berlyn by die Wes-Duitse Republiek en sekere ekonomiese maatreëls om die Russiese politiek te dwarsboom. Dog parlementêre ondoeltreffendheid het kosbare dae laat verby gaan sonder dat iets gedoen kon word.

Met hierdie slakkegang-metodes word glo gehoop om die Russiese kolos, wat intussen sy houvas op nog 1,000 miljoen

mense in Sjina verstewig het, uit te klop.

K93



in die BAD . .

Voeg K.W.V.-Eau de Cologne by die water om die gevoel van persoonlike frisheid te verhoog. En daarna ... gee K.W.V. -laventel u die geurigheid van [koel laventel.

KWV

-Eau de Cologne

EN

-Laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distributeurs: H. J. Niehaus (Edms.) Bepers, Posbus 2108, Kaapstad. Posbus 4883, Johannesburg.

W. M. CLARK,
Hoofbestuurder.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag. Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

IN MEMORIAM

„In tere gedagtenis aan ons lewende eggenoot en pappie, Pieter Victor, wat op 22 Oktober, 3 jaar gelede, so skielik oorlede is.” Mev. M. Victor.
26/10/18

ALGEMEEN

„BERGHEIM” — Vakansieoord, Posbus Kroondal, RUSTENBURG. Telefoon 1023, Rustenburg.
Goede smaaklike etes, elektriese lig, binnevermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. — K. J. H. Behrens.

BOERMEEL met ons bekende steenmeule gemaak 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — L&M-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Varkvetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-; Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.F.

WATTELPAL EN SPARRE. — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk. Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk. Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas. Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet langes £2 15/- per 1000, met bas. Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling. 31/8/TK

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6-4TK

GRYSHARE

GRYSHARE, skifers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHARWONDER die jongste, kunsmatige wêreldwonder, haar en koppel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. — Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Beltingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billike pryse Babawaentiles, stookkarretjies, driewiele, linoleums, tapte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektriese hantenners. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komde. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloën, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—

Spesiale sneeuwit 80/- per ton. Sneeuwit No. 1 70/- per ton. Wit No. 2 60/- per ton. Wit No. 3 50/- per ton. Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredeheid en dadelike aflewering, probeer:— M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloën, Bloemfontein.

WEENS GEBREK AAN RUIMTE VERSKYN DAAR NIE HIERDIE WEEK 'N BOEREJEUG NIE.

VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

OKTOBER

- 29 Hester du Toit, Wellington.
30 Hennie Burger, Brandvlei.
Willem Fourie, Luckhoff, O.V.S.
Susanna van Wyk, Bultfontein.
Casper Schutte, Potchefstroom.
31 René Dampers, Paarl

NOVEMBER

- 1 Charles Kemp, Kirkwood.
Andries Nieuwoudt, Vryburg.
Jan van der Merwe, Paarl.
Anna du Toit, Wellington.
Maria Nortjé, Kafferskraal.
Rina Killan, Tiervlei.
2 Dina de Jager, Boshoeck, Tvl.
Hermanus Potgieter, Bosbokrand, Tvl.
3 Annatjie van der Merwe, Stellenbosch.
Marie Welthagen, Mooniool, Tvl.
4 Aletta Eksteen, Paarl.
Aletta Nieuwoudt, Vryburg.
Hendrik Nel, Kakamas.
Eckley Dykman, Paarl.
Pieter Eksteen, Agter-Paarl.
Maryna Niemand, Oudtshoorn.
Jean de Freitas, Wolhuter, Johannesburg.

Britse Generaal Lek Lippe Af Vir S.A. Lugmag

Suid-Afrika se plek in 'n toekomstige oorlog is deur die Britse generaal sir Francis de Guingand in 'n toespraak in Johannesburg voor die kamer van koophandel behandel. Hy het gesê dat dit nodig is om Afrika te organiseer as een van die verdedigingsgebiede van die Atlantiese Verdrag. Suid-Afrika moet aan een van die groot verdedigingstelsels deelneem.

Hy het gesê dat hy baie beïndruk was deur die Suid-Afrikaanse lugmag in die afgelope oorlog en hy meen dat een van die groot bydraes van die Unie kan wees om sy plek te neem in die lugplan, wat dit ook al mag wees.

Dat hierdie Britse generaal onder die indruk van die kranigheid van die Suid-Afrikaanse lugmag verkeer, is natuurlik niks vreemd nie. Sels die Duitsers het met die hoogste lof gepraat van die Suid-Afrikaanse lugmag. Maar wat die lugplan ook al mag wees, kan Suid-Afrika maar net hoop dat dit nie weer 'n herhaling sal wees van die afgelope oorlog toe dit ons lugmanne se taak was om uit Italië oor Duitsland na Warskou te vlieg om Poolse opstandelinge van voorrade te voorsien onderwyl hul Russiese bondgenoot 'n paar myl daarvan gesit en niks doen het nie. In hierdie taak—die vuilwerk van die Geallieerdes—het die Suid-Afrikaanse lugmag die swaarste verliese van die hele oorlog gely—so swaar dat reserwes in aller haas uit die Unie ontbied moes word om die uitgedunde gelede aan te vul.

KANADA MAAK BANDE LOSSER

Die Franssprekende Eerste Minister van Kanada, L. St. Laurent, is tans besig om die bande met Engeland losser te maak. Hy het verlede week 'n voorstel by die parlement ingedien wat beoog dat Kanada voortaan die mag moet besit om sy konstitusie self te wysig. Soos die toestand vandag is, kan wysigings slegs deur die Britse parlement aangebring word op voorstel van die Kanadese parlement.

NOU SPYT OOR PASELLA AAN „PREMIER” STALIN

Ooreenkomstig die spreekwoord dat berou altyd te laat kom, is die Amerikaanse oorlogseiers tans erg besorgd oor die feit dat hulle toegelaat het dat die belangrike proefwerke van die Duitse oorlogswetenskaplikes in Russiese hande geval het. Aan 'n kommissie van ondersoek oor wapentuig het kapt. John Sides, deskundige in vuurpylwapens van die vloot, gesê dat die Russe waarskynlik in staat sal wees om die so hoog geroemde B36-bomwerpers wat die atoombomme oor Rusland moet strooi, met vuurpylwapens af te skiet.

Hy het gesê dat lugafweergeskut waarmee Duitse wetenskaplikes aan die einde van die oorlog besig was, pens en pootjies in die Russiese hande geval het. Een van hierdie wapens was die Wasserfall-vuurpyl wat teen 'n snelheid van 1,700 myl kon trek en sy doelwit uitsoek. As die oorlog 'n jaar langer geduur het, sou Amerikaanse bomwerpers nie in staat gewees het om sonder onuitstaanbare verliese oor Duitsland te vlieg nie, het hy gesê.

Die Amerikaanse leërs wat oor Duitsland gevlieg het na die deurbraak in die weste, is op bevel van Washington teruggehou in hul opmars ten einde die Russe eers 'n kans te gee om,


volgens afspraak van die „Drie Grotes”, Oos-Duitsland te beset, en daarmee ook die lewensbelangrike proef-inrigtings van Duitse wetenskaplikes.

Aan die vredeliewendheid en demokratiese oortuiging van „Premier” Stalin is toe nog vaster geglo as aan die beginsels van die Atlantiese Handves.

Masjien Sal Skaak Speel En Toekoms Voorspel

Van die meganiese brein wat reeds wonderbaarlike berekenings doen word nog steeds hoër verwagtings gekoester deur wetenskaplikes. 'n Tyd gelede is berig dat hierdie menslike skeppings eerlank in staat sal wees om skaak te speel en dat geen mens die geringste hoop sal hê om teen hulle te wen nie. Die jongste voorspelling is dié van dr. Grey Walter, 'n Britse geleerde wat verklaar dat voorlopige samesprekings al gevoer is oor die oprigting van 'n „meganiese brein” met 10,000 selle wat gebruik sal kan word om enige toekomstige gebeurlikheid uit te werk. Die masjien sal byvoorbeeld in staat wees om te voorspel wat die gevolge van devaluasie sal wees of wanneer 'n toekomstige oorlog waarskynlik sal wees. Al wat nodig is, is dat alle gegewens in verband met sake soos voedsel, produksie, belasting en honderde ander dinge in die masjien geplaas word, en dan die hefbom te draai.

• Hy wat in „Die O.B.” adverteer is werd om ondersteun te word!



So lewe die 12 miljoen vlugteling-gesinne in 'n groot deel van Duitsland gesinne van eertydse welgestelde boere wat hulle plase en al hulle besittings deur die Russe verloor het. Sulke mense het ons hulp dringend nodig.

Help ons om te help!

D.A.H.A.

HOOPSTRAAT 105B, KAAPSTAD



PAS OP vir hulle!

Hulle is nuttige dinge, wanneer reg gebruik. Maar ENIGEEN van hulle kan 'n brand laat ontstaan wat u u huis en sy inhoud kan kos! Gebruik hulle dus versigtig — en sorg boonop dat u beskerm is deur—

'n **SANTAM-Brandpolis**

• SANTAM •

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIER en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.

MOREMARK (Posbus 7185) Newmarket

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteeke

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

WAT GEBEUR AGTER DIE YSTERGORDYN?

Die ystergordyn gaan dwarsdeur Duitsland — van die stad Lübeck wat in die Noorde geleë is, tot in die Suidelike Thüringen. Dit is gevaarlik om in sy nabyheid alte nuuskierig te wees — en baie mense het al duur vir hul nuuskierigheid moes betaal. As jy verbinding met familieledes in die westerse gebiede het, staan dit gelyk aan 'n sameswering met die vyand. Elke Duitser ken die gevaar van die Sowjetiese buurman — die meeste het dit aan hulle self ondervind.

Ook die Westerse besettingsmagte het mettertyd hul geesdriftige „The Russians are our Friends” van vier jaar gelede moes hersien en verander, en heelwat daarby leer. Die waar-skuwende Duitse stemme—wat nie van Nasionaal-sosialistiese kant gekom het nie—is met dreigemente van swaar straf tot swye gebring. Vandag is dit so, dat die Amerikaners hulle by die Beierse-Saksiese grens (die Sowjet-grens) deur Duitse polisie laat aflos, waar moontlik, om sodoende gevaarlike grens-insidente te verhoed.

Vir iemand wat 'n reis van die Weste na die Ooste wil wag, is dit raadsaam om kort voor die ystergordyn te voet oor die „groen grens” te sluip. Mens is nooit seker, of die Rus in die oomblik wat jy oor die wetlike grens gaan, nie miskien nog 'n paar werkers vir die Uranium-myne nodig het nie, en dan beteken jou wettige pas en papiere niks. Is jy eenmaal anderkant die grens, is dit betreklik maklik om te verdwyn, en niteenstaande swaar strawwe, is daar genoeg hande wat die „vreemdeling uit die Weste” sal help en vir hom skuiling vind.

ONGELOOFLIK

Iemand wat dit nie self gesien het nie, kan nouliks die toestand daar anderkant die ystergordyn begryp. As jy besef dat 'n paar jare gelede nog 'n kultuurvolk hier gewoon het, is dit ontsettend om op elke tree in afgetrokke, ondervoede gesigte te kyk wat reeds lyk asof hul die gelaatstrekke van Asië aangeneem het. Vol ontsteltenis vra jy jou af, hoe dit moontlik is dat soiets in die hartjie van 'n ou, kultuur-ryke land moontlik is.

In die groot stede, soos byvoorbeeld Dresden, waar nog honderdduisende dooies onder die eindlose ruïnes begrawe lê, is die ellende die grootste. Kinders, wat rondloop soos lewendige bondels flenters; mans en

vrouens in ou, geskeurde verbleekte soldate-uniforms waarvoor mens nie eens 'n knoop kan koop nie.

DUURDER AS SWARTMARK

Terwyl mens in die sogenaamde „vry winkels” wat deur die Russe georganiseer word, alles kan koop wat jy nodig het, is die pryse daar meestal 100% bokant die swartmarkpryse, en die honger en armoede dryf die mense om, niteenstaande skerp teenmaatreëls en alle gevare, oor die grens te sluip en in die „sonnige Weste” deur middel van ruilhandel 'n bietjie eetware te kry.

Nood, ellende en Kommunistiese druk is die lewensritme van hierdie allerarmste mense. Tog is dit die opperste Russiese owerhede se beleid ook

Die eerste van 'n paar artikels deur ons Duitse korrespondent wat so pas 'n besoek agter die Ystergordyn gebring het.

vandag nog om hul burgers en soldate van hierdie stede van „ellende weg te hou, en in die strate sien mens min Russiese soldate. Hulle word apart gehou, in kampe en barakke—die jammerlike, maar nog altyd gevaarlike oorblyfsels van die gehate „Bourgeois” sal miskien 'n nadelige uitwerking op die gemoed van die Russiese proletariaat hê!

VREESLIKE DRUK

Die onsigbare druk wat deur die Kommunisme uitgeoefen word, is vreeslik. Dit breek met alle tradisie, en probeer om die siel van die Oos-Duitse mens volgens Sowjet-monster te omskep. Versigtig beperk die Russe hulle nuwe planne—met 'n berekende oog op die toekoms gerig—slegs tot menslike materiaal soos die jeugbewegings, die

politiek en die polisie. Laasgenoemde is in die laaste paar maande tot „Leër van die Oostelike Sone” uitgebrei en met ligte en swaar bewapening voorsien. Dit is veel makliker, as om aan die behoeftes van honger en verflenterde mense te voorsien—vir wie daar in elk geval geen plek in die nuwe planne is nie. Sulke veiligheidsmaatreëls is tot dusver versterk deur drie NKWD-divisies van die berugte konsentrasiekampe Buchenwald en Oranienburg. Dus, daar kan feitlik geen bedenking bestaan teen die terugtrekking van Sowjet-troepe na die opstelling van 'n regering in die Ooste („vir die hele Duitsland geldig”). Miskien sou op hierdie manier 'n beslissende troefkaart ontstaan in die spel teen die Weste; 'n troefkaart wat op die binnelandse politieke tweedrag oor die vraag „Terugmars van die Besettingstroepen of nie” 'n uitwerking kan hê.

(Word Vervolg)

DR. W. A. JOUBERT OORLEDE

Dr. W. A. Joubert, fondsorganiseerder van die Universiteit van Stellenbosch, is Sondag op George in die ouderdom van 69 jaar oorlede.

Dr. Joubert, het nadat hy sy studies in Stellenbosch voltooi het, in 1909 aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, in die teologie gepromoveer. In 1911 het hy 'n professoraat in Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch aanvaar — 'n betrekking wat hy tot 1921 beklee het toe hy aangestel is as fondsorganiseerder van die Universiteit.

Dr. Joubert was 'n vurige Afrikaner en sterk ondersteuner van die Ossewabrandwag. Die Beweging se meegevoel gaan dan ook uit tot die agterblywendes — 'n eggenote, twee seuns en twee dogters.

Magistraat Skud Hande Met Afrikaner

Dat die naam van Paul Kruger nog nie sy betowering in Europese lande verloor het nie, blyk uit wat onlangs in Switserland gebeur het met 'n Suid-Afrikaanse sersant van die Spoorweg-polisie. Onderwyl hy daar op besoek was, is sy klere gesteel. Toe hy as getuie in die hof verskyn, het die aanklaer aan die magistraat gesê dat hy lid is van die polisie in „die land van Oom Paul”. Die magistraat het daar en dan opgespring en gaan hande skud met die getuie. Eers nadat hy hom geruime tyd uitgevra het oor Suid-Afrika, is die saak voortgesit.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Skoolgaande Jeug Word Speelbal Van Partypolitiek

„Die oomblik dat die Verenigde Party weer aan bewind kom sal hy toesien dat die skade wat deur die Transvaalse ontwerp-ordonnansie insake moedertaalonderwys veroorsaak sal word, ongedaan gemaak word,” het genl. Smuts verlede Saterdag in Johannesburg gesê. Genl. Smuts het beklemtoon dat sy party staan vir 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk en dat hierdie ontwerp-ordonnansie die wortel van eenheid tref.

„Die belangrikste taak van hierdie Verenigde Party is om aan Suid-Afrika en ons Suid-Afrikaanse volk daardie eenheid te bring wat deur die naam van ons Party aangedui word. Ons begeer 'n verenigde volk. Alles in ons land verbleek tot onbeduidendheid teenoor hierdie ideaal waarsonder alles verlore is.”

Hier het ons nog een van die wrange vrugte van partypolitiek. Die opvoeding van die kinders word die speelbal van partypolitici gemaak terwille van party-prestige en party-bevordering. Die Verenigde Party sien in moedertaal-skole 'n gevaar nie vir sy „ideaal” so seer nie, maar 'n gevaar vir sy stemmee. As „opposisie” van die regeringsparty moet hy nasionalisme teenstaan. Sy besieling moet hy soek in die opsweping en handhawing van 'n onafrikaanse gevoel. As nou in die skole 'n eg Afrikaanse atmosfeer heers, beteken dit 'n verlies aan stemmee ten gunste van die nasionaalgesinde partye.

BEURTELINGS


Daarom is dubbelmedium-skole onder Verenigde Party-

bewind ingevoer, en word dit nou na drie jaar weer deur 'n nasionaalgesinde bewind afgeskaf, om oor 'n paar jaar miskien weer deur 'n Verenigde Party op sy beurt afgeskaf te word.

Intussen is sowel Afrikaans- as Engelssprekende onderwysmanne oortuig dat moedertaalonderwys die aangewese beleid moet wees.

Hoe lank die arme jeug van ons volk aan hierdie partypolitieke grille onderwerp moet word, is 'n saak wat die ernstige aandag van alle ouers verg. Dit beklemtoon opnuut die dringende noodsaaklikheid van 'n stelsel van volksregering waar daar oor die verdienste van 'n saak verskil sal word en nie weens oorwegings van party-voordeel of party-sekureit nie. In so 'n regeringstelsel sal die opvoeding van die jeug 'n doel op sigself wees, toevertrou aan deskundiges van die volk, en nie die instrument van die toevallig bewindvoerende party tot sy eie versterking of verswakking van sy teenstander nie.

100,000 werkers met een enkele gedagte!



Of 'n Spoorwegman nou ook al Hoofbestuurder, Kruiër, Kok of Lokomotiefdrywer is, is hy steeds in die eerste plek 'n spoorwegman, bewus daarvan dat hy deel van 'n geweldige, ingewikkelde, en tog menslike organisasie uitmaak. Dit is hierdie één, eenvoudige gedagte wat vir u, die gebruiker van die Spoorweë, só veel beteken. Dit is die aansporing tot daardie ekstra beleefdheid, daardie ekstra diens wat u kry van spoorwegmanne wat trots op hul werk is, en van 'n organisasie wat trots op sy spoorwegmanne is.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

DIENS LANGS DIE HELE LYN

(vervolg van bls. 1 kol. 4)

ons eie land en ons eie volk wat in die beraadslaging oor die saak die deurslag moet gee. En as ons die toestand so oorsien, dan sal daar maar weinig ernstige mense wees wat dit nie met mnr. Jansen eens is dat die stelsel ons tot weinig seën en daarenteen tot heelwat nasionale nadeel was, terwyl dit alle skyn het van later nog 'n praktiese onmoontlikheid in Suid-Afrika te word. Daarom is dit jammer om te sien hoe ons Nasionale vriende ons bedoelings al dadelik weer in twyfel trek! Dit is miskien nog die ellendigste gevolg wat die hele partygedoente opgelewer het, dat dit die wantroue aan weerskante ingekanker het, dat niemand meer iets mag voorstel of hy word aangesien vir 'n party-beunhaas wat net daarop uit is om sy eie party 'n voordeeltjie te besorg. Oor hierdie saak behoort ons almal kalm en ernstig na te dink, en die beste te soek vir ons land.”

Duitsers Tref Hart Van Geallieerdes

Die Geallieerdes het verlede week vir die eerste maal belang gestel in 'n pleidooi van Duitse kant om die aftakeling van 'n fabriek te beëindig. Rede vir die belangstelling is dat die Duitse regering voorgestel het dat die Geallieerdes in plaas van die fabriek — die Thyssenstaalfabriek — af te breek, aan dele daarin moet neem. Die voorstel word tans bestudeer.

Solank daar 'n diwidend te oes is, skyn die Duitse oorlogsgevaar dermate te wyk dat oorweging geskenk kan word aan 'n versoek om die fabriek toe te laat om sy „oorlogstuig” te vervaardig!